

GOUDRIE KAMPNUUS



WEESGERUS JUN 2019

As die winterwindjie begin sny deur murg en been, en die sonnetjie maar skraal raak in Gauteng, is die keuse om na warmer oorde te gaan soek, baie maklik. Weesgerus vakansieoord was die antwoord. . .

Johan & Bettie, Elizet, Alta & Van Zyl en hulle kleinkinders Stephan en Natasha, Christine & Frans en skoondogter Esmé met kleinkinders Tomé, Zwané en klein Skyler het opgewonde vroeg opgestaan en al skuins na 8 vanaf Randfontein vertrek om Jan & Kotie langs die pad te ontmoet en almal het saam verder gery na Weesgerus.

Van 18 tot 25 Junie het ons vyf gesinne die heerlike weer en alles wat die oord bied, geniet. Esmerel en Phillip het ook by ons aangesluit vanaf Donderdag tot Maandag.

Maar natuurlik kan geen grootmens dit so geniet soos die kinders nie! Die tweeling en die ander kleintjies was eers vreemd vir mekaar, maar toe hulle eers maats gemaak het, moes die oumas en oupas net bontstaan om oral saam met die kleinspan te gaan, elke dag 'n ander ondervinding. Daar is geswem, put-put gespeel, kaskarre gery en dan was die dam ook 'n aantrekkingskrag vir groot en klein.



Die eerste dag en Natasha en Stephan is nog bietjie vreemd, maar gou het hulle, Tomé, Zwané en Skyler saamgeswem en baljaar.




Mooi so Alta, jy's onder baansyfer!

Die volgende dag kom die trapkarre aan die beurt. Lyk my nie of die oumas en oupas dit self probeer het nie.



Doodgewone speel by die dam en in die kleigrond, kan mens ook lank besig hou. Die tweeling se eerste kamp saam met hulle oma en opa .





■ Hoe kosbaar is die uitdrukking van genot op klein Skyler se gesiggie! Dit verbaas my net dat sy nie met 'n "splash" in die water gaan sit het nie!

Op 'n ander keer het sy vir haar 'n maatjie gaan haal by die ander streek se woonwa en lekker met hulle poppe in die stootwaentjies gespeel.



■ Frans, Jannie, Johan en Van Zyl het hulle goed gekwyt van hulle taak by die braaivleisvuur, met Frans wat sorg vir die grappies. Na Esmerel en Phillip se aankoms, is die gewillige Phillip gou ingespan om die braaiwerk oor te neem.

Die vroue sit al lekker by die tonka. Die kinders kan nie wag dat die omies klaar braai nie, sodat hulle bietjie met stokkies in die vuur kan speel en marshmallows braai.



Die nagte is maar koud en die vuurtjie, verwarmers en warm klere 'n noodsaaklikheid, maar as die son in die oggend opkom, skil jy baie gou die warm klere af en trek die swemklere aan.



Alta en Van Zyl geniet dit in die koelte by die swembad.

Johan en Bettie lê soos wafferse sonaanbidders.



Johan, Phillip, Esmerel en Elizet hang rustig in die warm water rond.



Hoor en sien kan om Kotie vergaan as sy haar boek lees, en dan sal sy ook sommer bruin gebrand anderkant uitkom.



Frans sit soos "the king of the castle"!



Esmé met Skyler by die swembad.





Boekevat gereël deur Willie Bronkhorst namens die kamporganiseerders van streek Jakaranda, is getrou deur die Goudriwwers en hul gaste bygewoon. Daar is 'n hele klomp streke verteenwoordig by die kamp.

Sondag span almal saam om 'n baie lekker beesvleis potjie aanmekaar te slaan. Daar is niemand wat kan uie skil en sny soos Johan nie, met nie 'n enkele traan nie!



Die eindresultaat, heerlijk!



Skottelgoed was en opruim na die lekker eet, is ongelukkig ook nodig, maar Elizet, Kotie en Esmerel laat dit glad nie na harde werk lyk nie. Dankie julle drie!



Tussen deur gebruik Elizet en Esmerel die tyd om 'Yahtzee' te oefen – heeltemal gedetermineerd om nie weer te verloor nie.

Sondag tussen die erediens en die potjie, is daar gou vergadering gehou onder die bome. Tydens die geleentheid is Esmerel en Phillip heel amptelik by Goudrif verwelkom as besoekers.



Lekker vrolik word daar vergadering gehou en geskerts.



Alle goeie dinge kom egter ook tot 'n einde. Vir oulaas word daar ontbyt genuttig by die swembad restaurant.



En dan is dit huis toe gaan tyd! Uitgeput van al die lekker vakansie-manne-waies.



**Lekker was darem
nog nooit sleg nie!**